# Die Vrystaatse Taalbeweging

(1900 tot ongeveer 1920)

P. J. Nienaber

Letterkundige Biblioteek, nr. 1.

**Uitgewers:**

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL
Lovedaystraat 75,
JOHANNESBURG.
1947.

Aan dr. S. H. Pellissier.

# INHOUD

Inleiding
Hoofstuk — Bladsy

I: Die Vrystaters word Wakker! .... .... 1
II: Afrikaans of Nederlands? .... ...... .... .... 11
III: Vereniginge en Afrikaans.... .... .... .... 23
(a) Debatsvereniginge ...... .... .... .... 23
(b) Die Afrikaanse Taalgenootskap 35
(c) Onze Taal .... ...... .... .... ...... .... .... 56
(d) Die Letterkundige Onder-Afdeling van Onze Taal, en die Akademie ...... .... .... .... .... .... .... 93
(e) Studentevereniginge ...... .... .... .... 104
(f) Die Oranje-Vrouevereniging ...... 126
(g) Vereniginge buite Bloemfontein 129
IV: Polemiek oor Gelyke Taalregte .... 136
V: Afrikaans in die Skool .... .... .... .... 142
VI: Afrikaans in die Kerk .... ...... .... .... 172
Literatuurlys .... .... .... ...... .... .... .... .... .... .... 180
Register .... .... .... .... .... .... .... .... .... ...... .... .... 183

## INLEIDING

Soos bekend, het ds. S. J. du Toit, die leier van die Genootskap van Regte Afrikaners, onmiddellik voor en gedurende die Engelse Oorlog 'n eienaardige ommeswaai gemaak. Wat presies die dryfvere vir sy handelwyse was, sal die geskiedskrywer van later moet bepaal. Vyandiggesinde persone het selfs die bitsige opmerking gemaak dat hy as gevolg van die geldelike steun wat Rhodes hom sou gegee het, hom teen die twee republieke gekeer het en op so 'n wyse kant gekies het vir Engeland, dat hy dié magtige ryk feitlik aangehits het om oorlog te verklaar teen die republiek. Dr. Du Toit se lewe is in ieder geval diep tragies as ons let op die teleurstellende wending wat dit later geneem het.

Met die oorlog kom daar feitlik stilstand wat betref die vooruitgang van die vooroorlogse tydperk van die Afrikaanse taalbeweging. Maar om die ná-oorlogse tydperk as 'n eenheid te skets, sou ondoeltreffend wees. Die een vloei feitlik net deur in die ander. Tog kan ons, wat die karakter van albei betref, heelwat onderskeid opteken. As ons ons in die vooroorlogse

tydperk net bepaal by die Patriotmanne, dan vertoon die ná-oorlogse tydperk 'n veel ernstiger karakter. Alhoewel die beywering van die Patriotmanne seker 'n indruk op die volk as geheel maak, sou dit tog verkeerd wees om die poging as 'n volksbeweging te bestempel. Ons kan feitlik sê dat die tydsomstandighede teen die Patriotman was. Lees ons hulle geskrifte, dan sien ons dat hulle uitdrukkingswyse eenvoudig maar raak was. Ons word veral getref deur die gemoedelikheid van die skrywer. Sy verdediging vir Afrikaans as skryftaal, sy aanklag teen papbroekerige Afrikaners, is selde vol van die vlammende verontwaardiging wat ons so dikwels aantref gedurende die ná-oorlogse periode. Dit is of ons gedurig 'n spreker hoor wat op kalm en gemoedelike wyse iemand probeer oortuig van die deugdelikheid van sy standpunt.

Ons kan dan ook begryp dat die Patriotman se werk die Afrikaanse volk nie meer geboei het nie. En dis veral hierdie hewige besieling wat ons nodig het om 'n volksbeweging aan die gang te sit. Hulle het durf genoeg besit om op te trek teen die wanbegrippe wat daar ten opsigte van taal en tradisie geheers het, maar die volk het nog nie daardie ontwikkelingspeil bereik om hulle strewe te verwesenlik nie. Die volk het nog nie diep genoeg besef dat dit hier gegaan het om dood en lewe nie. Maar die oorlog het die groot ontnugtering gebring.

Wie as kind die oorlog ingegaan het, het as man daar uitgekom. Die vroeër miskien nog gemoedelike, was nou vol erns. Die oorlog het die groot keerpunt gebring. Watter geweldige verandering die volk ondergaan het, sal ons duidelik merk in die eerste liriese uitings van onmiddellik ná die oorlog, vergeleke met die beste rymwerk van voor die oorlog. Die digkuns, veral 'n digkuns wat nasionaal gekleurd is, druk vir ons uit wat daar omgaan in die hart van die volk: hoe die volk hom hou teenoor sekere nasionale vraagstukke, watter veranderinge hy ondergaan, wat sy aspirasies en ideale is.

Die rymwerk van voor die oorlog het heel weinig digterlike waarde gehad. Dit was meestal ruwe kwarts waarin weinig goudaartjies te bespeur is, want dis tog selde dat poësie van werklike betekenis voortgebring word wanneer die gemoed vervul is met tendens of propagandistiese gedagtes. Die uitdrukkingswyse van die skrywers was dan ook in die nouste voeling met die ontwikkelingsgraad wat die Afrikaanse volk op daardie oomblik bereik het. Dit is sekerlik opmerklik dat die vooroorlogse skrywers feitlik niks verneem het van die vernuwing wat omstreeks 1880 in die Nederlandse letterkunde begin het nie. Miskien het hulle, maar ons moet onthou dat die Beweging van Tagtig in sy wese indiwidualisties, onkerklik, onmaatskaplik en onnasionaal

was, en die strewe van die Patriotmanne was presies die teenoorgestelde. Daarom is dit dan ook te verstaan dat ons later in *Ons Klyntji* verwerkings kry van die werk van sg. predikant-digters van voor '80 en dat Hollandse gedigte sonder enige digterlike waarde geplaas word, eenvoudig omdat hulle gevoel het wat die volk wou gehad het.

Maar na die oorlog merk ons al dadelik dat die digters die omringende wêreld met ander oë aankyk as hulle voorgangers. Vir die eerste keer ontwaak die behoefte nou om die skoonheidsgevoel te verklank, en onmiddellik waar ons skoonheidsgevoel kry, vind ons ook 'n verhoogde uitdrukkingskrag en groter verfyning wat die bewoording van die emosie betref. Jan Celliers het in *Die Ou Murasie* vir ons die ondergang van die huislike lewe veraanskoulik. By die stilstaande water sien ons die verlate murasie waarin daar eenmaal huislike geluk en vrolikheid was. Nou is alles verlatenheid, en aan die slotreëls merk ons reeds die naderende onheil wat daar vir die jeug in die stede wag, iets wat later onvergeetlik uitgebeeld sou word deur Totius in *Trekkerswee*. Hier het ons dus die volkome verlatenheid. Merkwaardig genoeg dat die Afrikaanse digter vir die eerste keer hierdie verlatenheid so intens deurvoel sodat daar uit sy siening iets simbolies kon ontstaan. 'n Volk wat 'n digter voortbring wat so diep die innerlike betekenis van die volkservaring

bevat, het reeds veel erns bereik en sal in die toekoms in staat wees om 'n beweging op tou te sit waarin kragtig beskerm word die taal wat niks anders is as die beeld van die volksiel self nie.

Die oorgang tussen die voor-oorlogse en na-oorlogse tydperk in die Afrikaanse Taalbeweging kan ons nie met duidelik-afgebakende grenslyne aandui nie. Die een tydperk vloei deur in die ander totdat die spore daarvan uiteindelik heeltemal uitgewis is. *Die Patriot* verskyn nog tot 1904 en *Ons Klyntji* tot in 1906. Ook die *Afrikaanse Almanak* bly nog lewe tot 1918, terwyl daar in 1906 'n bloemlesing van die poësie van die Patriotmanne uitgegee word onder die naam: *Afrikaanse Gedigte byeenfersamel uit wat in di laaste dertig jaar ferskyn het* (1876-1906).

Maar as ons noukeurig oplet, dan word dit al gou duidelik dat hierdie werk heeltemal buite die nuwe gees gestaan het. Daar het 'n groot innerlike verandering plaasgevind en die *Patriot* het ondergegaan, nie omdat dit in Afrikaans geskrywe was nie, maar omdat die leier, ds. S. J. du Toit, ontrou geword het aan die leuse dat hierdie blad nie alleen vir die moedertaal moet staan nie, maar ook vir die vaderland.

Toe daar ná die oorlog 'n herlewing kom en ds. S. J. du Toit sy werksaamheid wou bind aan dié van die jongeres, merk ons dat hulle nie

daarmee gediend was nie, want aan die *Patriot* het 'n slegte smaak geklewe en die jongeres het geweet dat dit hulle saak sou belemmer. Die ou leiers was hieroor baie gegrief, maar dit kon nou eenvoudig nie anders nie, en die werk van die ou Patriotmanne gaan geleidelik oor in die hande van die nuwe leiers wat daaraan egter 'n ander wending gee ooreenkomstig die vereistes van die tyd.

Dit was te verwag dat die invloed van Engels ná die verowering van die republieke aanmerklik sou uitbrei. Tog is dit minder bekend dat reeds voor die Engelse Oorlog Engels as wêreldtaal hom goed ingeburger het in die Republieke, en dis moeilik om te sê wat die uiteinde sou gewees het as daar geen oorlog gekom het nie. Die oorlog het egter die nasionaalvoelendes wakker geskud.

Nes in die dae van Somerset probeer die owerheid nou op kragdadige wyse om die hele volk te verengels, en hulle doen dit weer deur middel van die onderwys. Maar hierteen het reaksie gekom met die oprigting van C.N.O.-skole. Dog ná die oorlog waarin soveel verwoesting plaasgevind het, was die bevolking te arm om genoeg hulp te verleen, alhoewel hulle geldelik ondersteun is uit Holland, en deur fyn diplomasie van die owerheid, is die C.N.O.-skole geamalgameer met die regeringskole.

Die verengelsing het hom geweldig uitgebrei en nie alleen by minder ontwikkeldes het dit

posgevat nie, maar in goedopgevoede kringe het dit mode geword om alleen Engels te praat. Onder die Afrikaners het daar groot verwarring geheers. Die meeste van hulle kon Hollands nie meer skryf nie, terwyl hulle met minagting op Afrikaans neergekyk het as 'n kombuistaal. Die enigste uitweg was dus om Engels te skryf. Die verset van goeie Afrikaners het teen hierdie wantoestand gekom, maar vir baie was dit nog nie duidelik watter gedragslyn gevolg moes word nie. Die Hollandse party het probeer om deur middel van die Vereenvoudigde Spelling die Afrikaner met sy skrywe te help, maar hulle het tog nie daarin geslaag nie. Dit was dus duidelik dat daar net één weg oopbly, naamlik om Afrikaans te verhef tot skryftaal.

Aan die begin van die nuwe tydperk staan drie manne op die voorpunt: adv. J. H. H. de Waal in die Kaapkolonie, ds. W. Postma in die Vrystaat en G. S. Preller in Transvaal. Hulle het heel duidelik gesien dat dit hier nie alleen gaan om die handhawing van die taal nie, maar om die redding van die volk. Daar is nou 'n nasionale ontwaking en die taalkwessie is feitlik net 'n kant daarvan. Maar waar die ou tydperk 'n politieke kleur gehad het, daar sou die nuwe tydperk hom nie langs politieke bane ontwikkel nie en veral probeer om die Afrikaner tot 'n besef te roep van eie verantwooordelik-

heid en hom daarop te wys dat alleen in Afrikaans 'n eie kultuur geskep kan word.

Preller, De Waal en Postma het hulle presies op die teenoorgestelde standpunt gestel as die manne van die Taalbond wat Nederlands in Suid-Afrika wou red. Hulle het gesê dat dit onwetenskaplik was om Afrikaans te gaan skrywe volgens 'n Nederlandse grammatikale vorm. Hulle standpunt was: skrywe Afrikaans, maar neem die hele Dietse woordeskat tot jou beskikking. Ons huldig vandag nog dieselfde standpunt. *De Afrikaner* het in daardie tyd reeds daarop gewys dat die toekoms van Hollands-Suid-Afrika nie Nederlands en ook nie Engels is nie, maar Afrikaans. Dit sou egter nog 'n hele tyd duur voordat die sg. Hoog-Hollandse Party besef het dat die stryd vir Nederlands in Suid-Afrika verlore was.

Ná veel voorbereidingswerk in die Suide, begin adv. De Waal met propaganda vir Afrikaans in die tydskrif *De Goede Hoop* (opgerig 1903). In die eerste uitgaaf van ses en twintig bladsye was daar net vier in Afrikaans en tog het daar reeds klagte ingekom dat die redakteur te veel Afrikaanse stukke plaas. De Waal steur hom egter nie daaraan nie, maar kom die volgende jaar te voorskyn met 'n toneelstukkie *Anjelina.* Dit blyk dus dat hy daarop uit is om Afrikaans stelselmatig in die blad in te voer, en in die derde aflewering wys hy daarop dat

al meer Afrikaners gebruik begin te maak van Afrikaans vir hulle artikels.

In die Noorde het G. S. Preller aan die werk gegaan. Hy was onder-redakteur van *De Volkstem,* 'n breë joernalis, en iemand wat soos weinig op hoogte was met die ellendige taaltoestande van daardie tyd. Hy het die bal aan die rol gesit deur 'n reeks baanbrekende artikels wat hy in *De Volkstem* geskrywe het vanaf 19 April tot 14 Junie 1905 onder die kopstuk: *Laat 't ons toch Ernst wezen.* Uit hierdie artikels het dit geblyk dat Preller dieper as sy tydgenote in die taaltoestand gesien het: die fout is nie gebrek aan erns nie, maar die miskenning van Afrikaans.

In die O.R.K. het Johannes Visscher, die redakteur van die Hollandse deel van die *Friend,* en ds. W. Postma die stryd aangeknoop. Sonder dat hy van Preller se artikels geweet het, het ds. Postma in *De Vriend* gedurende Junie 1905 in dieselfde gees as Preller 'n reeks propagandistiese artikels vir die erkenning van Afrikaans geskrywe.

In Afrikaanssprekende kringe in die Transvaal en O.R.K. is daar ná hierdie aanvanklike aanvoorwerk die behoefte gevoel om kragte saam te snoer en op 13 Desember 1905 kom 'n dertigtal Afrikaners saam in *De Volkstem*-gebou in Pretoria en hulle stig die Afrikaanse Taalgenootskap. Die doel van hierdie Genoot-

skap was om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en dat dit as skryftaal gebruik moes word. Verder was die doel om 'n suiwer nasionaliteitsgevoel aan te kweek en om deur middel van verenigings, tydskrifte, ens., opvoedend te werk en die Afrikaner bewus te maak van homself.

In Natal het mnr. J. S. M. Rabie op 7 Julie 1905 in sy blad *De Afrikaner,* die eerste Afrikaanse hoofartikel geskrywe en hom beywer vir Afrikaans. In Oktober 1906 het dr. D. F. Malherbe, wat pas uit Europa teruggekom het, die taalstryd in die Kaapkolonie dadelik op 'n hoër plan gebring, want op Wellington het hy 'n breedopgesette lesing gehou oor die belangrike vraag: „Is Afrikaans 'n dialek?'' Hy het met voorbeelde uit die verskillende Europese tale daarop gewys dat dit nie die geval is nie, en dat Afrikaans wat lewe in die volksmond, die reg het om as skryftaal gebruik te word. Daar moet voorlopig nie te hard geoordeel word nie, want die taal is maar in sy aanvangstadium en sal geleidelik verfyning ondergaan.

Die klompie Afrikaners in die Suide, met persone soos De Waal en Malherbe as leiers, besef dat hulle net soos in die Noorde, kragte moet saamskakel en op 3 November 1906 kom daar sowat 'n sewentig persone saam in Kaapstad en hulle besluit om oor te gaan tot die

stigting van die Afrikaanse Taalvereniging. Die doel hiervan was in hooftrekke dieselfde as dié van die A.T.G. in die Noorde. Ook hierdie vereniging het met groot nadruk verklaar dat hulle doel alleen is om liefde en waardering vir die Afrikaanse taal aan te kweek, en dat hulle hoegenaamd nie teen Hollands is nie.

Ten spyte van teenstand, veral van Taalbondmanne, het die beweging langsamerhand by die breë massa ingang gevind, want in die omliggende dorpe word takke van die A.T.V. gestig. So goed het die Afrikaanse saak vooruitgegaan dat Preller, wat vroeër in sy reeks artikels so vurig gepleit het vir erns in verband met die taalsaak, naderhand in 1908 met vreugde kon skrywe: „Nu is 't ons ernst!'' Want vir hom was dit veral verblydend dat daar langsamerhand 'n toenadering gekom het tussen die leiers van die A.T.V., A.T.G., Onze Taal en die Taalbondmanne, iets wat in 1909 uitgeloop het op die stigting van die Akademie.

Nou kan ons die geskiedenis van die Vrystaatse taalbeweging naspoor en sien hoe ook daar Afrikaans langsamerhand deurgedring het en die een vesting ná die ander verower het, in die skool, in die kerk en die staat, sodat dit vandag in alle opsigte die gelyke van Engels is, al is dit in sommige gevalle nog net op papier.